

# KINDERKERK LES: Vroue van die Ou Testament

## Leiers bring asb julle Bybels saam!

**Ysbreker:** Gee vir elke groep 'n sakkie met die name van die vrouens waaroor ons vanaand gaan gesels in en ook 'n sakkie met prentjies. Hulle moet nou die naam verbind met die regte prentjie. Kom ons kyk wie eerste klaar is.

Stap deur en kyk hoe elke groep gevaar het, maar moenie die antwoorde vir hulle gee nie. Ons gaan nadat ons al die vrouens behandel het weer hierdie speletjie speel om te kyk wie mooi geluister het.

Laat elke groepleier nou gou al die name en prentjies weer in hulle sakkies terugpak en eenkant sit.

Vanaand gaan ons bietjie gesels oor Vroue van die Ou Testament. Ons gaan so ietsie van elkeen leer. Onthou dat julle mooi moet luister, want netnou gaan ons weer die speletjie speel. Dan gaan ons kan sien wie het baie mooi geluister. Kom ons begin met die eerste vrou.

## 1. VROUE VAN DIE OU TESTAMENT

### Eva

- **Wie kan vir my sê:** Wie was die eerste ma in die Bybel gewees?

Dis natuurlik Eva.

- **Vrae:**
  - Wie was Eva se twee seuns gewees? (Gen 4:1-2) (Kain en Abel)
  - Wie was Eva se man gewees? (Adam)

Sou die kinders nie die antwoorde van die twee vrae ken nie, gee vir hulle in aparte sakkies die letters van elke naam. Laat hulle nou kyk of hulle die letters kan rangskik om die name te kry.

### Sara

**Aktiwiteit: Geduld:** Gee vir elke kind 'n lekkertjie. Hulle moet hulle tonge uitsteek en die lekkertjie op hulle tong sit. Jy gaan nou jou alarm op jou foon stel om oor 30 sekondes af te gaan. Vir daardie 30 sekondes moet hulle wag en mag hulle nie die lekkertjie eet nie. Eers wanneer die alarm afgaan, mag hulle die lekker eet.

Hierdie vrou in die Ou Testament moes lank wag vir 'n belofte wat God aan haar en haar man gemaak het om te gebeur.

- **Wie kan vir my sê:** Sy was 90 jaar oud toe die seun wat God belowe het Hy vir hulle sal gee, gebore is.

Dis Sara natuurlik.

Nou moet julle so vinnig as wat julle kan vir my twee vragies beantwoord. Ek gaan die vragies vra en ook die gedeelte in die Bybel gee waar die antwoorde is. Kom ons kyk wie kan dit die vinnigste opsoek en hulle hande opsteek om te wys hulle het die antwoorde.

- **Vrae:**
  - Wie was Sara se man gewees? (Gen 12:5) (Abraham)
  - Wat was Sara se seuntjie se naam? (Gen 21:3) (Isak)

## Rebekka

**Aktiwiteit: Teken as 'n groep:** Skryf woorde op papiertjies neer wat voorkom in die Bybelstuk wat jy gaan vertel. Vou die papiertjies toe en laat elke groepleier 'n woordjie trek. Verskaf aan die groepe 'n groot stuk ongedrukte koerantpapier en gems/kokis. Hulle mag nie wys wat hulle woordjie is nie. Laat elkeen nou hulle woordjie uitbeeld deur 'n prentjie op die papier te teken. Elke groep kry kans om hulle prentjies vir die ander te wys en dan moet die ander groepe probeer raai wat die woord is.

**Woorde wat julle kan gebruik:** Water, kamele, troue, geskenke, familie, bid, tweeling.

- **Wie kan vir my sê:** Sy was die ma van 'n tweeling gewees. Sara was die ouma van hierdie tweeling.

Hierdie vrou se naam was Rebekka. Haar man was natuurlik Isak. Kom ons hoor hoe hulle ontmoet het.

## 'n Vrou vir Isak – Genesis 24

Abraham was bekommerd oor Isak want hy wou nie hê dat hy met een van die Kanaänitiese vrouens trou wat daar naby hulle gebly het nie, omdat hulle nie die ware God aanbid het soos hy en Isak nie. Hy vra toe sy oudste en beste slaaf om hom te help.

"Gaan na die land waar ek vandaan kom en soek vir Isak 'n vrou daar onder my familie," het hy vir sy slaaf gesê. Hy het geweet dat sy familie hulle kinders ook van God sou leer. Die slaaf het toe tien kamele vol geskenke gelaai en na die land gegaan waar Abraham se familie bly.

"O Here, wys asseblief vir my die regte vrou vir Isak," het hy gebid. Hy besluit toe om naby 'n fontein te wag waar die jong meisies van die dorp altyd kom water skep. Hy sal dan vir 'n paar van die meisies bietjie drinkwater vra en as een van hulle sê sy sal vir sy kamele ook water gee, sal hy weet sy is die vrou wat God vir Isak gekies het.

Die man het skaars klaar gebid toe kom daar 'n pragtige jong meisie, Rebekka, aangeloop met 'n kruik op haar skouer. Hy vra haar toe vir 'n bietjie drinkwater.

"Graag," sê sy, "en ek sal sommer vir die kamele ook water skep."

Die slaaf was baie bly toe hy dit hoor, want hy het geweet dat God dit so laat gebeur het. Rebekka se familie was baie bly om van Isak te hoor en wou haar graag met hom laat trou. Die slaaf was ook gelukkig, want God het self Isak se vrou vir hom uitgekies.

Isak en Rebekka was baie gelukkig bymekaar, maar hulle het nie kinders gehad nie. Isak het ernstig gebid en gevra dat die Here hom en Rebekka moet help. Die Here het sy gebed gehoor en Rebekka het swanger geword. Sy het 'n tweeling verwag. Hulle het die oudste Esau genoem en die ander een Jakob.

Toe hulle groot word, het Esau, wat baie harig was, 'n jagter geword. Jakob was 'n stil jong man wat sy ma graag in die huis gehelp het. Isak het meer van Esau gehou en Rebekka meer van Jakob.

- **Wie kan uit ons storie onthou**

- Wie was Rebekka se twee seuns gewees? (Gen 25:24-26) (Esau en Jakob)
- Wie was Rebekka se man gewees? (Gen 25:20) (Isak)

## Hanna

**Aktiwiteit:** Gee vir elke kind die Hanna en Samuel maize om te voltooi.

- **Wie kan vir my sê:** Hierdie vrou kon nie kinders kry nie. Sy het gebid en gehuil by die Here om vir haar 'n kindjie te gee. (Ek het my seun afgesmeek van die Here.)

Hierdie vrou se naam was Hanna. Wie het al van Hanna gehoor?

## Hanna bid vir 'n kindjie – 1 Samuel 1-2

Soms vra ons vir God iets, maar Hy gee dit nie altyd dadelik nie. Hy weet wanneer dit die regte tyd is om te gee wat ons vra.

Hanna is lief vir God. Sy vra Hy moet vir haar 'n baba gee. 'n Vrou terg haar en sê: "Ek het tog 'n baba, maar jy is te sleg om een te hê."

Hanna se hart is baie seer. Sy gaan bid in die huis van God. Net die priester, Eli, is daar. Hanna bid: "Ag, Here, ek wil so graag 'n kindjie hê. As U vir my 'n seuntjie gee, sal ek hom leer om vir U te werk."

Eli sien net Hanna se lippe roer. Hy hoor nie dat sy bid nie. Hy sê vir haar: "Dit lyk my jy is dronk." Maar Hanna sê: "Nee, Meneer, ek is nie dronk nie. Ek is net hartseer en het alles vir God vertel. Toe sê Eli: "Gaan in vrede. Mag God jou gee wat jy Hom vra." Hanna voel nou sommer beter. Sy weet dat die Here gehoor het wat sy vir Hom sê.

Nie lank daarna nie gee God vir Hanna 'n babaseuntjie. Sy en haar man noem hom Samuel, wat "Ek het hom van die Here gevra" beteken.

Toe klein Samuel groot genoeg is, bring Hanna hom na die profeet Eli en sê: "Meneer, hier is my seuntjie. Ek het die Here belowe Samuel sal vir Hom in die tempel werk."

Samuel bly by Eli en help hom. Hy maak die deure van die tempel oop en sorg dat die lampe brand. Die Here is ook baie goed vir Hanna. Hy gee vir haar nog vyf ander kinders. Later word Samuel 'n profeet en vertel vir die Israeliete van God.

Verhaal geneem uit Ons eie Kleuterbybel, Juliana Nothnagel en Johann Strauss, bl58-59

### **Wie kan uit ons storie onthou:**

- Wat was Hanna se seun se naam gewees? (1 Sam 1:20) (Samuel)

## **Rut**

**Aktiwiteit: Voltooi die prentjie:** Gee vir elke kind die 'Voltooi die prentjie' uitdeelstuk oor Rut.

- **Wie kan vir my sê:** Hierdie vrou was baie lief vir haar skoonma gewees?

Haar naam was Rut.

## **God sorg vir Naomi en Rut - Rut 1 - 2, 4**

Naomi woon in 'n vreemde land. Haar man en seuns is dood, maar haar seuns se vrouens, Orpa en Rut, woon by haar. Naomi vertel hulle van God en van die plek, Betlehem, waar sy eers gewoon het.

Eendag sê Naomi: "Ek wil na my eie land teruggaan." Orpa en Rut stap 'n entjie saam. Toe gaan Naomi staan en sê: "Nou moet julle omdraai. Ek hoop die Here sorg goed vir julle."

Orpa draai terug, maar Rut sê: "Nee, Naomi, ek gaan saam met jou. Die mense in my land glo nie in God nie en jou God is my God."

Toe Naomi en Rut in Betlehem kom, vra die mense vir Naomi: "Waarom lyk jy so hartseer?" Naomi sê: "My man en seuns is dood, net Rut is hier by my. Wie gaan nou vir ons sorg? As ek tog net 'n bietjie koring kan kry om vir ons 'n broodjie te kan bak."

Oral is mense besig om koring te oes. Rut sê: "God sal vir ons sorg. Ek sal by die werkers gaan vra of ek koring kan optel." Toe gaan Rut na 'n boer se koringland. Sy naam is Boas. Boas sien vir Rut en vra: "Wie is dit?"

Die werkers sê: "Dit is die vrou wat saam met Naomi gekom het, maar daar is niemand wat vir hulle kan sorg nie."

"Rut," sê Boas, "jy kan elke dag koring kom optel. Jy kan ook van ons water drink." Rut is baie bly.

Later trou Rut en Boas en God gee vir hulle 'n babaseuntjie. Hulle noem hom Obed. Obed sou later koning Dawid se oupa word.

Verhaal geneem uit Ons eie Kleuterbybel, Juliana Nothnagel en Johann Strauss, bl56-57

- **Vrae:**

- Wie was Rut se skoonma gewees? (Rut 1:8) (Naomi)
- Hoe weet ons dat Rut baie lief vir haar skoonma was? (Rut 1:16) (Sy wou haar nie los nie, sy het by haar gebly.)
- Rut se man is oorlede, met wie het sy weer getrou? (Rut 4:9-10) (Boas)

## **Ester**

**Aktiwiteit: Spot the difference:** Gee vir elke kind 'n Spot the difference uitdeelstuk oor Koningin Ester.

- **Wie kan vir my sê:** Sy het 'n skoonheidskompetisie gewen en die prys was dat sy met 'n koning sou trou. Met God se hulp het sy haar volk gered.

Dis Ester.

Ester was 'n Joodse meisie wat in die stad Susa in Persië gebly het. Haar familie was onder die mense wat jare tevore deur Nebukadnesar uit Jerusalem weggeneem is. Sy is grootgemaak deur haar oom Mordegai, wat 'n kneg was van koning Ahasveros, die koning van Persië.

Koning Ahasveros wou 'n nuwe koningin hê. Sy knegte het die mooiste vrouens in die land na hom toe gebring en Ester was tussen hulle. Uit al die vroue het die koning Ester gekies om koningin te word. Mordegai het vir Ester gesê om nie vir mense te vertel dat sy 'n Jood is nie.

'n Trotse man met die naam Haman was hoof oor al die leiers. Hy wou hê dat almal voor hom moes neerbuig. Mordegai het geweier om dit te doen, en dit het Haman so kwaad gemaak dat hy Mordegai wou doodmaak. Toe Haman uitvind dat Mordegai 'n Jood is, het hy 'n plan gemaak om al die Jode in die hele land dood te maak. Hy het vir die koning gesê: 'Die Jode is gevaarlik. Jy moet van hulle ontslae raak.' Ahasveros het gesê: 'Doen wat ook al nodig is.' Die

koning het toe vir Haman die mag gegee om 'n wet te maak. Volgens hierdie wet moes die volk al die Jode op 'n sekere dag doodmaak.

Ester het nie van die wet geweet nie. Daarom het Mordegai haar van die wet laat weet en vir haar gesê: 'Gaan praat met die koning.' Ester het gesê: 'Enigiemand wat na die koning toe gaan sonder dat hy genooi is, sal doodgemaak word. Die koning het my 30 dae laas genooi om na hom toe te kom! Maar ek sal gaan. As hy sy septer na my toe uithou, sal ek lewe. As hy dit nie doen nie, sal ek sterf.'

Ester het na die koning se voorhof gegaan. Toe die koning haar sien, het hy sy septer na haar toe uitgehou. Sy het na hom toe gegaan, en hy het gevra: 'Wat kan ek vir jou doen, Ester?' Sy het gesê: 'Ek wil graag vir jou en Haman uitnooi om 'n lekker ete te kom geniet.' By die ete het Ester hulle weer uitgenooi na nog 'n lekker ete. By hierdie tweede ete het die koning weer gevra: 'Wat kan ek vir jou doen?' Sy het gesê: 'Iemand gaan my en my hele volk doodmaak. Red ons asseblief.' Die koning het gevra: 'Wie wil jou doodmaak?' Sy het gesê: 'Hierdie slegte man Haman.' Ahasveros was so kwaad dat hy Haman onmiddellik laat doodmaak het.

Maar niemand kon die wet verander wat Haman gemaak het nie, nie eers die koning nie. Daarom het die koning Mordegai hoof van al die leiers gemaak en hom die mag gegee om 'n nuwe wet te maak. Mordegai het 'n wet gemaak wat die Jode toegelaat het om terug te baklei wanneer iemand hulle aanval. Op die daardie spesifieke dag wat gesê dat die Jode aangeval moet word, het die Jode teen hulle vyande baklei en gewen. Van toe af het hulle elke jaar hierdie dag gevier.

- **Vrae:**

- Ester was 'n weeskind gewees wat deur 'n familielid grootgemaak was. Wat was die familielid se naam? (Ester 2:7) (Mordegai)
- Die koning het bevel gegee dat Ester se volk, die jode, doodgemaak moes word. Haar oom het vir haar gesê dat sy die enigste een is wat iets daaraan kon doen. Wat wou hy hê moes sy doen? (Ester 4:8) (Sy moes na die koning gaan.)
- Hoekom was Ester bang om na die koning te gaan? (Ester 4:11) (As jy nie genooi is deur die koning nie, is jy doodgemaak. Die koning het haar 30 dae laas genooi.)

## **Ragel**

**Aktiwiteit:** Deel met mekaar verhale oor tye toe julle hard moes werk vir iets wat julle baie graag wou hê. Jy moes dalk takies doen vir mamma of pappa om 'n spesiale speelding te kry, hard leer vir 'n mooi rapport of hard oefen om 'n plek in die a span te kry.

- Hoe het jy gevoel toe jy dit waarvoor jy so hard gewerk het, gekry het?
- **Wie kan vir my sê:** Haar man het 14 jaar vir haar gewerk.

Hierdie vrou se naam was Ragel. Jakob het haar man geword. Kan julle nog onthou wie was Jakob se ma en pa? Rebekka en Isak.

## Jakob werk vir Laban – Genesis 29:1-30

Jakob het sy pa en broer 'getrick' en moes vlug vir sy broer. Kom ons hoor hoe hy Ragel ontmoet het.

Jakob het naby Haran gekom. Daar was 'n put met 'n swaar klip op die opening. Drie troppe skape het geduldig daar gestaan en wag. Die skaapwagters het elke aand gewag tot al die troppe skape daar is, dan rol hulle die swaar klip weg. As die skape klaar gedrink het, het hulle die klip weer teruggerol.

Jakob het die skaapwagters vriendelik gegroet. "Van waar af kom julle?" het hy gevra. Hulle het geantwoord: "Van Haran af." "O, dan ken julle seker vir Laban. Hy kom uit die familie van Nahor." het Jakob gesê. Die skaapwagters het geantwoord: "Ons ken hom." Jakob vra: "En hoe gaan dit met hom?" Hulle antwoord: "Dit gaan goed. Kyk, daar kom sy dogter Ragel nou net aan met haar pa se skape." Jakob vra toe: "Nou hoekom is julle almal hier? Dis mos te vroeg om die skape in die kraal te jaag. Hoekom laat julle nie die skape water drink sodat hulle nog kan wei nie?" Die skaapwagters het geantwoord: "Jy verstaan nie hoe dit werk nie. Ons wag tot al die troppe skape uit die veld kom. Dan hoef ons die swaar klip net een keer weg te rol. Al die skape drink dan gelyktydig."

Terwyl hulle nog so staan en praat, kom Ragel daar aan met haar pa se skape. Jakob het dadelik vir haar die klip weggerol sodat die skape kon water drink. Hy het homself toe aan Ragel bekend gestel. Ragel het dadelik huis toe gehardloop en vir haar pa, Laban, gesê sy suster, Rebekka, se seun staan buite die stad by die put. Laban is dadelik soontoe. Jakob is saam met Laban huis toe.

Jakob het by Laban-hulle gebly. Na 'n maand het sy oom vir hom gesê: "Jy is nou al 'n maand hier. Jy werk selfs vir my. Al is ons familie, beteken dit darem nie jy moet verniet vir my werk nie! Hoe kan ek jou betaal vir die werk wat jy doen?" Laban het twee dogters gehad. Die oudste se naam was Lea. En Lea het dowwe oë gehad, maar die jonger sussie, Ragel, was pragtig. Jakob was verlief op Ragel. Hy sê toe: "Ek sal sewe jaar vir Oom werk as ek met Ragel mag trou." Laban het ingestem. Jakob het toe sewe jaar lank vir Laban gewerk. Dit het vir hom soos 'n paar dae gevoel, want hy was baie lief vir Ragel. Toe die sewe jaar verby was, het hy vir Laban gesê: "Die sewe jaar is verby. Nou wil ek met Ragel trou."

Laban het 'n groot bruilof gereël. Die aand na die troue het hy skelmpies sy oudste dogter, Lea, na Jakob se tent gestuur. Jakob was lekker vrolik en het nie eers besef Lea is gestuur nie. Die volgende oggend het hy dit eers besef. Hy was baie kwaad en het vir Laban gesê: "Hoekom het Oom my verkul? Ek het mos sewe jaar lank gewerk om met Ragel te trou!" Laban het geantwoord: "Jy verstaan nie ons gebruike nie. Hier by ons kan die jongste dogter nie voor die oudste een trou nie. Wag net 'n week, dan kan jy met Ragel ook trou. Maar dan moet jy nog sewe jaar vir my werk." Na die week verby is, het Jakob met Ragel getrou.

- **Vrae:**

- Hoekom moes Jakob 14 jaar vir Ragel werk? (Gen 29:20; 23; 25; 27) (Laban het hom gekul om eers met haar suster te trou.)

## **Mirjam**

**Aktiwiteit: Moses legkaart:** Druk die legkaart van Moses in die mandjie uit kom karton. Sny dit uit en gee vir elke groep hulle eie legkaart in 'n sakkie. Kom ons kyk watter groep kan eerste die legkaart voltooi.

- **Wie kan vir sê:** Sy het haar boetie in 'n mandjie op die Nylrivier weggesteek.

Haar naam was Mirjam.

Soek vinnig saam in die Bybel die volgende antwoorde:

- **Vrae:**

- Wie was Mirjam se broers gewees? (Numeri 26:59) (Aaron en Moses)
- Wat was Mirjam volgens Eksodus 15:20 gewees? (Profetes)

**Aktiwiteit:** Herhaal die ysbreker heel aan die begin van die les. Kom ons kyk watter groep kan alles regkry. Nadat die groepe klaar is, kan julle deur die antwoorde gaan om te kyk watter groep het die meeste reg en het die beste geluister.

## **2. Sluit af met gebed in die groepe**



## Ysbreker

**Eva**

**Sara**

**Rebekka**


**Hanna**

**Rut**


**Ester**

**Ragel**

**Mirjam**




1




14

BibleWise



Taken from *Amazing Mazes for Kids* by Steve and Becky Miller, copyright© 1998 and published by Harvest House Publishers, Eugene, OR. Used by permission.

BibleWise



Taken from *Amazing Mazes for Kids* by Steve and Becky Miller, copyright© 1998 and published by Harvest House Publishers, Eugene, OR. Used by permission.

BibleWise

## Finish the Picture – Ruth

Complete the missing items in the picture of Ruth gleaning in the field.



Copyright © 2010, BibleWise. All Rights Reserved. Drawing by J.J. Johnston.

## Find the Difference, Queen Esther Saves Her People


Queen Esther talks to the King to save her people. Find what is different in each picture.



### Find the Difference, Queen Esther Saves Her People

Queen Esther talks to the King to save her people. Find what is different in each picture.






35 Pieces


© Crafting The Word Of God




# Ysbreker Antwoorde



Mirjam



Eva



Ester



Sara




Rebekka



Hanna



Rut



Ragel

**A**

**b**

**e**

**l**

**K**

**a**

**i**

**n**

**A**

**d**

**a**

**m**